Januarie 2008

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

'n Nuwe jaar met nuwe uitdagings. Ek wens u almal voorspoed toe en mag al u wense vervul word. Ek is nog nie heeltemal gerat vir hierdie jaar se navorsing nie, daarom is hierdie brief maar redelik afgeskeep.

In verlede maand (Des 2007) se brief skryf ek van die erf op die noord-westelike hoek van Kerkplein wat eers aan kaptein Struben behoort het en later deur P.J. Marais gekoop is. Een van die geboue wat later op die erf gestaan het was dan ook bekend as die Marais-gebou. Die einste P.J. Marais het ook die eer gehad om bekend te staan as **Lang Piet Marais,** die langste man in Pretoria.

Petrus Johannes Marais is op 22 Mei 1838 in die Kaapprovinsie gebore op die plaas Nectar. Hy vestig hom ongeveer 1861 in Pretoria. Hy was 'n besige man met baie ondernemingsgees. Vandag sou ons hom 'n 'entrepeneur' genoem het. Sy naam het ook voortdurend in die koerante van daardie tyd verskyn. 'n Paar van die berigte is as volg:

S = Staatskoerant
V = De Volksstem

| | |
|---|---|
| S 1864-08-08 | Verloor in Volksraadsverkiesing met 5 stemme |
| S 1866-06-05 | Dranklisensie toegeken. Woning op Kerkplein |
| S 1866-07-31 | Stig Mining Company |
| S 1866-12-12 | Dranklisensie toegestaan |
| S 1867-05-01 | Steward by byeenkoms van Pretoria Turf Club |
| S 1868-04-15 | Dranklisensie vir pakhuis van William Munro agter Kerkplein |
| S 1869-03-10 | Onderteken regulasies vir begraafplaas |
| S 1869-03-10 | Venootskap tussen B.J. en C.P. Pretorius en P.J. Marais is ontbind |
| S 1870-06-28 | Verkry 'n lisensie vir 'n winkel |
| S 1870-11-22 | Soek koring om te koop. Afgelewer by sy pakhuis |
| S 1871-03-28 | Direkteur van Leydenburg Gold Prospecting Co. |
| S 1872-08-06 | Plaas Les Marais geinspekteer vir hom en H.C. Marais |
| S 1873-03-25 | Lisensie vir winkel |
| V 1873-09-05 | Verkoop woonhuis en drie erwe aan Biskop van Zululand |
| S 1873-12-12 | Gee vrywillige bydrae vir aankoop van ammunisie |
| V 1874-03-07 | Gekies as voorsitter van komitee vir stigting van Perde Reisies Klub |
| V 1874-03-07 | Dien op komitee vir stigting van skool vir jong dames |
| V 1874-04-04 | Aandeelhouer in Transvaal Mining Co. |
| V 1874-04-11 | Advertensie. Verkoop alles. Vertrek na Europa |
| V 1874-05-23 | Perd van P.J. Marais gaan deelneem aan 'n privaat perde-wedloop op die plaas van J.C. Nielen Marais |
| V 1874-06-06 | Beampte tydens perdereisies |
| V 1874-10-03 | Winkel langs ou Pretoria Klub |
| V 1874-11-14 | Stormskade aan sy ysterwinkel naby woning van Pres. Burgers |

| | |
|---|---|
| V 1874-12-26 | Aangestel as nuwe vrederegter vir die Republiek |
| V 1875-01-02 | Perd van P.J. Marais neem deel aan hindernisreisies |
| V 1875-01-30 | Direkteur van Nil Desperandum Co-Operative Co. |
| V 1875-02-13 | Gaan oorsee. Winkel op Kerkplein te huur |
| V 1875-03-20 | P.J. Marais vertrek na Europa |
| S 1875-12-18 | Terugverwelkom in Pretoria |
| S 1876-05-13 | Dien op komitee vir stigting van Hoërskool |
| S 1876-07-08 | Gekies as Kaptein van die Vrywilligerskorps wat Saterdag gestig is om die stad te beskerm. |
| S 1877-05-30 | Word aan Shepstone voorgestel tydens 'n resepsie in die Raadsaal |
| S 1877-06-06 | Beampte tydens wedren by die Pretoria Turf Club |

Lang Piet Marais het heelwat eiendomme in Pretoria besit, onder andere Nigel House en die huis wat later bekend gestaan het as Ulundi House. Nigel House was glo die eerste dubbelverdiepinghuis in Pretoria en die tuine om die huis het amper die hele blok tussen Schoeman-, Pretorius- en Prinsloostrate beslaan. Die huis word later 'n hotel en het bekend gestaan as die Nigel House Hotel.

-----------------------------------------------

Lang Piet Marais was 'n oom van die digter Eugene Marais. Eugene het later die volgende amusante herinneringe, uit die tyd van die moeilikhede van 1863, aan Gustav Preller vertel wat dit in sy boek *Ou Pretoria* opgeteken het
[Pre-01 p74-75].

Gedurende die Burger-oorlog, toe Kommandant Paul Kruger vir die tweede keer met 'n Rustenburgse kommando in Pretoria verskyn het, was sy gewapende koms 'n verrassing vir die inwoners. Afgespreek was dat hy alleen sou kom, slegs om die vrede te maak, - ten minste dit was die verstandhouding waaronder Generaal Schoeman verkeer het. Dit was derhalwe blote geluk dat Kruger sy teënstander nie met koue hande in Pretoria gevat het nie, deurdat die besluit het om skielik 'n vakansietjie in die Vrystaat te gaan neem.

Verskeie handelaars en winkeliers het aan die kant van Schoeman gestaan, en toe hy die dorp inneem, het die Rustenburgse krygsman gesê dat hy hulle almal 'n kans sou gee om by te dra tot die onkoste van die kommando, en om hul opgelegde broetes te betaal. Hy het hulle een vir een laat vang en beskuldig van hoogverraad voor 'n krygsraad waarvan hyself voorsitter was.

Ek weet nie presies wat die beskuldiging teen hulle was nie, maar hulle oortreding in die oë van Paul Kruger was dat hulle op een of ander manier steun aan Schoeman verleen het. Een vir een moes hulle verskyn, en hulle word almal skuldig bevind aan hoogverraad, en met 500 riksdalers beboet. Sommiges het botweg geweier om te betaal, en word gedurende die dag in die blok gesluit. Snags kon hulle weer huistoe gaan. Die blok het gestaan op 'n lap kweekgras agter die Goewermentsgebou onder die koelte van 'n groot seringboom.

**Lang Piet Marais** was een van die veroordeeldes en het die lange ure van die dag verkort met sy viool, omring deur 'n bewonderende klompie Doppers.

-------------------------------------------------------------

Die volgende het niks met Lang Piet te doen nie maar is tog interessant om te vertel. Of dit die waarheid is is nie seker nie. Miskien is daar met die jare ‘n paar stertjies aangelas. Die stuk kom ook uit Preller se boek *Ou Pretoria*.

Albert Brodrick [handelaar en digter van ou Pretoria] was een van die aangeklaagdes. Hy het vooraf aan sy vriende vertel dat hy Paul Kruger ‘n poets sou bak soos hy seker nooit tevore teëgekom het nie.

Die hofsaal [die raadsaal het daarvoor gedien] was stampvol. Almal was daar om getuie daarvan te wees hoe die Dopper-kommandant publiek vir die gek gehou sou word, en daar het ‘n voorlopige giegel deur die saal gegaan toe Brodrick se naam uitgeroep word as Albertus Broodryk en hy ewe stemmig sy verskyning maak om tereg te staan.

“Albertus Broodryk,” sê Kruger, terwyl hy die beskuldigde aanspreek, “die aanklag teen jou is dat jy ondersteuning, raad en bystand verleen het aan Generaal Schoeman, wat verraad is teen die Regering. Wat het jy vir jouself te sê?”

Vir ‘n oomblik skyn die beskuldigde in twyfel te verkeer, en volslae verbasing. Toe antwoord hy met volkome beraad: “Kommandant, ek weet nie wat om te sê nie. Om eerlik te verklaar dat ek skuldig is of onskuldig, kan ek nie. Miskien sal jy my uit die moeilikheid kan help, Kommandant?”

“Hoe kan ek jou help?” vra Paul Kruger, “dit is jy wat beskuldig is, nie ek nie.”

“Nouja,” vervolg Brodrick, “dan kan ek in ierder geval my moeilikheid aan jou duidelik maak. In hierdie saal is ek net mooi in twee verdeel, - in die middel deur. My linkerkant het hulp en raad aan Schoeman verleen, - ek kon nie anders nie. Maar die regterkant van my het trou gestaan by die kant wat jy verteenwoordig, Kommandant.”


“Ek dink jy stel die saak moeiliker voor as wat dit werklik is,” antwoord Paul Kruger. “Vir my lyk dit baie eenvoudig, so eenvoudig dat ek instaat is, veral na jou bekentenis, om dadelik die vonnis in die hof uit te spreek, soos ek nou sal doen.”

“Burger Broodryk se Linkerkant! Jy pleit skuldig op die aanklag van hoogverraad, ‘n baie hatelike vergryp; en vir die misdaad beboet die hof jou met 500 riksdalers. Die Laer-kommandant sal beslag lê op die linkerkant van jou liggaam en jou likerbeen in die blok sluit, totdat die boete betaal is.”

“Burger Broodryk se Regterkant! Ek verwelkom en begroet jou as ‘n getroue burger van die Staat. Ons het maar min in Pretoria aangetref. Jy weet natuurlik dat die Regering ‘n groot kommando opgekommandeer het om die Staat te beskerm in hierdie rebellie waaraan jou Linkerkant deelgeneem het. En omdat jy, as getroue burger, nie instaat was diens by die kommando te doen nie, beskou die hof dit as voorreg om jou die kans te gee om op ‘n ander wyse by te dra. Burger Broodryk se Regterkant! Ek kommandeer jou om tien goeie slagosse by te dra vir die kommando.”

Daar was luide gelag, maar nie aan die kant van die beskuldigde Brodrick of sy vriende nie.

----------------------------------------------------------



**<u>Lang Piet Marais en King Coffee  [Langste en kortste mans in Pretoria]</u>**

Die foto was oral in Pretoria te koop.  Later toe Lang Piet 'n ryk en vername man geword het het hy glo probeer om al die foto's in die hande te kry en te vernietig.

Oor die kort mannetjie is nie veel bekend nie.  Hy het in Engels bekend gestaan as King Coffee en in Afrikaans as Generaal Koffie.  Onderstaande is koerantberigte oor hom wat in De Volksstem verskyn het:

| | |
|---|---|
| V 1874-06-20 | Die dwerg Genl. Koffie word deur Marais en Brodrick na die goudvelde geneem |
| V 1874-08-22 | Genl. Koffie gaan ‘n vertoning gee by die krieketonthaal. Hy gaan sing en dans |
| V 1875-05-01 | Genl. Koffie vertrek binnekort na Engeland |
| V 1875-05-15 | Vertrek na Europa saam met Brodrick. Die waarnemende President gee vir hulle ‘n afskeidsete |
| V 1876-01-15 | Genl. Koffie bly nou in Londen en wil nie na die die Transvaal terugkeer nie |
| V 1877-06-06 | Terug na 2 jaar in Europa |
| V 1878-01-22 | Uitgenooi na tentoonstelling in Parys. Sy klere en juwele te koop |
| V 1878-02-12 | Genl. Koffie verjaar. Hy is nou 23 jaar oud |

Hy was heel moontlik in Londen as deel van ‘n sirkusvertoning. Miskien sal daar nog eendag meer oor hom bekend word.

**Bronne geraadpleeg**


Allen, Vivien. 1971. **Kruger's Pretoria.** Kaapstad: A.A. Balkema.

Atkinson, A.K.W. 1969. **Old Ivory and Roses: the Pretoria Club.** Pretoria: Pretoria Club.

Delatolla, Leslie. 1985. **The Pretoria Club, 1885 – 1985.** Pretoria: Pretoria Club.

Dunston, Lola. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston.

Engelbrecht, S.P. 1952. **Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu in beeld** Pretoria: J.L. van Schaik.

Engelbrecht, S.P. **Pretoria 1855-1955.** Pretoria: City Council of Pretoria.

Jooste, Yvonne. 2005. **The Story of Lang Piet Marais** Jaarboek van die Africana Vereeniging, Nommer 22.

Preller, Gustav S. 1938. **Ou-Pretoria.** Die Volkstem Drukkery.


Groete tot volgende maand. Rosa Swanepoel

-------------------------------------------------------

'n Versoek vir inligting oor 'n moontlike Pretorianer uit 1901-1903.

Ek versamel militêre medaljes en het onlangs 'n ongewone Queens SA medalje bekom. Dit is toegeken aan "Mr J Rew, Roberts Horse". Sy naam verskyn as burgerlike (1 van 3 sodaniges) saam met die van offisiere van Roberts Horse op die amptelike medaljerol. 'n Nota in die kantlyn lui "Volunteers attached by order of Lord Roberts, FM, C(ommander) in C(hief). All these resigned 6.6.1900". Al verwysing argiefsgewyse wat ek per rekenaar kon opspoor oor J Rew was 'n dokument in die TAB, "Claims for Compensation Pretoria District John Rew and Company Pretoria" met 'n datumstrek 1901 tot 1903.

Het jy al ooit die naam/firma teegekom?

Groete, Henk Loots